Hoe om Voortrekker-*pictionary* te speel

Hierdie is ’n heerlike speletjie om Voortrekkerwerk mee te doen. Hierdie speletjie kan gebruik word vir Verkenners en PD’s. Dit is ’n vereenvoudige weergawe van *pictionary*.

? Stappe

1. Jy benodig: kaartjies, potlode, papier, uitveërs en ’n uurglas.
2. Jy kan die speletjie met ’n span of meer as een span speel.
3. Druk die kaartjies op karton uit (*Kaartjies is aan die einde van die dokument*). Sny die kaartjies uit.
4. Deel vir elke span papier, potlode en ’n uitveër uit.
5. Verduidelik die reëls.
6. **Speletjie vir ’n span**:
   Elke spanlid kry ’n kans om te teken. Die spanlid wat moet teken, trek ’n kaartjie. Draai die uurglas om sodra die persoon begin teken. Daar mag slegs **geteken** word. Die persoon wat teken mag nie beduie of wys na iets nie. Jy mag ook geensins letters of syfers gebruik nie. Die spanlid wat eerste reggeraai het, kry ’n punt. Hou rekord van elke spanlid se punte. Die volgende spanlid kry dan ’n beurt. Hou so aan totdat elkeen dieselfde aantal beurte gehad het. Die wenner is die persoon wat die meeste reggeraai het. Indien die tyd verby is en niemand het reggeraai nie, kry die volgende spanlid ’n beurt. Jy kan ook die speletjie sonder die uurglas speel.
7. **Kompetisie tussen spanne**:
   Elke span kry ’n kaartjie met dieselfde woord. Elke spanlid moet ’n beurt kry om te teken. Die spanne moet gelyk begin teken. Hier benodig jy ’n offisier by elke span. Die span wat eerste reg raai, kry 2 punte. Die span wat tweede reg raai 1 punt. Hier is dit beter om nie ’n tydsbeperking te stel nie. Die wenners is die span met die meeste punte.

☺ Wenke

1. Jy kan die speletjie eenvoudig of ingewikkeld maak. Jy kan verskillende Voortrekkerwerk gebruik vir die kaartjies. Kodes kan ook geleer word deur die speletjie (laaste bladsy).
2. Onthou om pryse gereed te hê.
3. Die reëls moet duidelik gestel word.

☠ Waarskuwings

1. Die spanoffisier moet toesig hou om te sorg dat die speletjie volgens die reëls geskied.

Veldwerk	President-verkenner	Voortrekker	Boeresport
Nagmars	Voorslag	Kamp	Ossewa
Voortrekker-wapen	Voortrekkervlag	Voortrekker-monument	Kommandoleier
Voortrekkerkode	Afrikaner	Taalmonument	Afrikaans

fakkel	Christen	Landsburger	Kultuur
Hoofleier	Gebiedsleier	Kommando	Juk
Skei	ABC	Penkop	Drawwertjie
Verkenner	Staatmaker	Anglo Boere-oorlog	Hoofleierswag

’n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.	**’n Voortrekker lei ’n Christelike lewe.**	**’n Voortrekker aanvaar gesag.**	**’n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.**
’n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.	**’n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.**	**’n Voortrekker is ’n goeie landsburger.**	**’n Voortrekker neem leiding.**
’n Voortrekker is oplettend en weerbaar.	**’n Voortrekker is diensvaardig.**		